

Dreigende uitwissing van die Jode		Uitkoms en oorwinning vir die Jode	
Ester word koningin 1:1-2:20	Haman se plan 2:21-4:17	Mordegai wen Haman 5:1-8:3	Israel wen teen vyand 8:4-10:3
Kronologies tussen Esra 6 en 7 in. Ongeveer 55 jaar na die terugkeer van die eerste groep ballinge na Juda. 483-473vC in Persië.			

Dag	Lees				
Ma	Ester 1:1-2:20	<p>Daar was steeds baie ballinge verstrooi in die Persiese ryk. 'n Interessante feit is dat in die oorspronklike teks van die boek in die Ou vertaling word "God" nooit genoem nie. In die Nuwe vertaling kom die woord "God" net een keer voor in 9:31. Die geskiedenis wys egter God is in beheer en hou sy bewarende hand oor sy volk.</p>	<p>Ester, 'n jong Joodse weeskind word as koningin van Persië gekroon. Haar neef Mordegai (wat haar na haar ouers se dood aangeneem het) hoor van 'n komplot om die koning om die lewe te bring. Deur Ester word die koning gewaarsku en so word Mordegai in die amptelike kroniekboek aangeteken omdat hy die koning se lewe gered het.</p>	<p>Mordegai weier om voor Hamman, die koning se hoogste amptenaar te buig. Uit wraak beplan Hamman, met goedkeuring van die koning, die uitwissing van die Jode. In Ester 2:7 sien ons duidelik dat God in beheer is. Die lot word gewerp om te bepaal in watter maand die Jode aangeval sou word – die lot val op maand twaalf – dit sou die volk genoeg tyd gee om voor te berei. Mordegai oortuig Ester dat sy moontlik vir die doel op die troon geplaas is (Ester 4:14b).</p>	<p>Die koning lees van Mordegai in die kronieke en beplan om eer aan hom te bring. Met 'n ironiese misverstand dink Mordegai die eer sou hom toekom, maar hy moes toe Mordegai vereer. Ester wys Hamman aan die koning uit as die beplanner van die uitwissing van die Jode en word aan die galg wat hy vir Mordegai voorberei het opgehang. Die Jode word toegelaat om hulleself voor te berei. So het dit gebeur dat die Jode hulleself verdedig en duisende nie-Jode verslaan. Hulle het die Purim fees ter herdenkong van die bevryding hierna jaarliks gevier.</p>
Di	Ester 2:21-4:17				
Wo	Ester 5				
Do	Ester 6				
Vry	Ester 7				
Sat	Ester 8				
Son	Ester 9-10				
<p><i>"Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!" (Ester 4:14b).</i></p>					

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Die koningin in die skaakspel

'n Goddelike skaakspel is begin...
Vasti wou nie die koning bekoor.
Die koning word toe baie kwaad
en vra sy amptenare se raad.
So het sy haar status verloor
en Ester word toe die koningin.

Paleisbeamptes wou die koning vermoor.
Mordegai het by die poort daarvan gehoor.
Deur Ester is die koning daarvan vertel.
"Skryf dit in die annale" was sy bevel.

Haman: "Die koning het my vereer
so, buig jul almal voor my neer!"
Mordegai het nie gebuig voor die bevel.
Die dienaars het vir Haman gaan vertel.

Haman het toe agteraf geknoei
om die Joodse volk uit te roei.
Op die twaalfde maand val die lot
vir uitwissing deur die koning se gebod.

Mordegai het sy kleure geskeur
en in die stad geloop en treur.
"Miskien het jy juis dié posisie gekry
om so die volk van uitwissing te bevry!"

Ester het haar voorberei
om 'n spreekbeurt by die koning te kry.
Sy het 'n maaltyd gevra,
om daar haar boodskap oor te dra.

Haman, jou optrede laat my walg.
Hang hom aan sy eie galg!
Mordegai, jy gaan nou regeer
net my posisie is nog meer.

Die wet van Mede en Perse is vas,
maak nou eerder 'n nuwe wet.
"Verdedig julle self" is toe gelas.
So is die volk van uitwissing gered.

Hierdie geskiedenis wil jou leer:
Satan kan met skuiwe tyd verdryf
en skaakstukke val soms neer...
Maar skaakmat bly God's laaste skuif!